mediaMENSE.com

# Eerste uitgawe van *De Burger* onthou

**26 Julie 2022**

Op 26 Julie 1915 het die eerste uitgawe van ’n nuwe koerant in Kaapstad verskyn. “*De Burger*,” so lui die heel eerste hoofartikel, “is een kind van de smart en van de hoop.” En dan gaan dit voort, in die Hollands van daardie tyd: “Hij is gebore uit de weeën van ons volk. Indien zware rampen niet ons volksbestaan hadden getroffen, hij zou er zeker niet geweest zijn.”

*Die Burger* was die geloofsdaad van ’n paar kloekmoedige Afrikaners wat in Desember 1914 op Stellenbosch bymekaar gekom en besluit het “dat het wenselik is een Hollands niewsblad uit te geven”. En net sewe maande later, op daardie veelbesproke Maandagoggend in Julie, word hulle baba gebore.

Die keuse van ’n eerste hoofredakteur was vir die stigterslede uiteraard ’n baie gewigtige besluit. Hy moes ’n gesiene en alom-geëerde persoon wees, ’n man met waardigheid, groot idealisme, onverskrokke moed en innige liefde vir sy volk. So het hulle hom beskryf. En hulle gaan haal hom ver, in die Oos-Kaap. ’n Graaff-Reinetse NG dominee, genaamd Daniël Francois Malan.

Doktor Malan se eerste redaksielid is ’n skamele ses weke voor die verskyning van die koerant aangestel. Die volledige redaksie, van wie die meeste lede slegs enkele dae voor die eerste uitgawe diens aanvaar, bestaan maar uit sestien mense. En van hierdie sestien het slegs twéé

enige vorige ondervinding van koerantwerk. Maar waar daar ’n gebrek aan kennis is, vergoed die span se oormaat entoesiasme.

Toe die Kaapse koerantverkopertjies met hulle skril, vals stemme daardie eerste uitgawe van *De Burger* luidkeels van die straathoeke af aankondig, die nuwe naam nog krom en skeef op hulle lippe, toe’s die koerant sommer reeds twee bladsye dikker as wat beplan was. Tien volle blaaie. Dít danksy ’n motoradvertensie van ’n hele halfblad wat op die nippertjie bygekom het. In groot letters word daar verkondig dat die enjin van díe motorkar “amper sonder om te skud” tot op 35 myl per uur loop.

Oor die geloofwaardigheid en invloed van die koerant, kan daar baie stories vertel word. Seker die bekendste, en steeds een van die mooiste staaltjies, is van die oom wat in die biduur opgestaan het (waarskynlik ’n biddag vir reën), en toe in groot opregtheid aangehef het met: “Hemelse Vader, soos U ook seker vanoggend in *Die Burger* gelees het, dit is baie droog op so baie plekke in ons land …”

Kom ons bring hulde vandag aan die lang ry redaksielede, wat deur die jare hierdie vlagskip van die Moederstad dít gemaak het wat dit reeds meer as ’n eeu is. Talle van hulle is lankal nie meer met ons nie, en vergete. Maar in die annale van die koerantwese in ons land, en van die joernalistiek, ook in die kronieke van die Afrikaanse taal, sal hulle onthou word as die pioniers: Daardie heldegallery van *Die Burger* se baanbrekers.

Bron: https://mediamense.com/die-mediamense-op-albe-grobbelaar-se-historiese-almanak/